HOENDERSTORTING
NOU MAAK EUROPA ONS SEER

WILD PRESTEER 10 KEER BETER AS BEESTE

GRONDBONE
DIT GAAN WEER KOOK!

№ 1851 | 25 APRIL 2014 www.landbou.com
2013 PICA-WENNER

# Landbou weekblad



SPESIAAL
- SUIWEL
- WINTERGRAAN EN WEIDING
- EIENDOMME

## Voerkrale kies dié kuilvoerseil

HANDELAARS

## WERKTUIE
LBW se gids van tophandelaars

SA PERCHERONS
## RUSTIGE REUSE WORD 75

WILLEMSE
## Oliesade is 'n móói storie

## Wanneer werk rusperbande?


WILDSUKSES
# 'Alles begin met gene'

RSA R21,00 (BTW ingesluit)
Elders R18,42 (sonder belasting)

HENNIE BASSON

# Van kragtige werker tot plesierperd

Sedert die eerste Percheron-perde meer as 'n eeu gelede die land binnegekom het, het die rol van hierdie swaar trekperdras inderdaad 'n metamorfose ondergaan. Anders as jare gelede word deesdae meer op sy veelsydigheid klem gelê.



Dream Big Madam Mortisha is vroeër vanjaar op die nasionale kampioenskap van Percherons op Kyalami, Gauteng, deur haar passies gesit. Die ruiter is me. Gordina Roberts.

Vanweë toenemende meganisasie in die landbou het die trekperdmilieu in die 1960's op plase drasties begin verander. Daarmee saam ook die welstand van die plaaslike Percheron-bedryf. Hierdie gewillige reuse was nou nie meer 'n algemene gesig op wingerd- en graanplase nie. Bykans 40 minder goeie jare het vir dié ras gevolg.

> Elsenburg was aanvanklik die voedingsbron van die ras in Suid-Afrika.

Nadat mnr. P.J. van der Merwe van Tulbagh in 1968 die drie jaar oue hings Vigoureux uit Frankryk ingevoer het, was dit 'n tydvak van byna volslae stagnering wat op die plaaslike bedryf begin toesak het.

Ofskoon die belangstelling in hierdie eens gesogte perde aanvanklik nog redelik was, het dit al hoe meer begin taan. Daar was later 'n tekort aan goeie hingste vir teeldoeleindes en die verpotte Percherons wat mettertyd hier geteel is, het die wenkbroue laat lig. Dit is immers in die veilingspryse op die jaarlikse Elsenburg-veiling weerspieël.

Hierdie barometer van die stand van die ras in die land het egter aan die begin van die nuwe millennium 'n betekenisvolle oplewing getoon. Dit was in 2001 toe 'n merrie R15 000 en 'n jong hings R8 000 op daardie veiling behaal het. Vyf jaar later is by dié tradisionele geleentheid 'n stewige rekordprys van R36 000 vir die hings Elsenburg Lindore betaal.

In 2008 is die rekord vir Percheron opnuut verbeter toe R56 000 vir die merrie Elsenburg Martie betaal is.

## NUWE TELERS

Nuwe telers uit die noordelike provinsies het in 'n toenemende mate hul opwagting op Elsenburg gemaak. Hul aankope en latere invoer van perde het die ras se oorwig na anderkant die Oranje- en Vaalrivier verskuif.

Elsenburg het gaandeweg sy status as voedingsbron van die ras begin verloor en individuele telers het hul vlerke wyer begin span. In die omgewing van Pretoria is 'n Percheron vir die eerste keer in 41 jaar vanuit Frankryk die land binnegebring.

Dit was die hings Sympa de Bellevue wat in 2009 in die land verwelkom is. Hierdie aanwins van mnr. Johan Henning se Summerwind-stoetery, oos van Pretoria, is in 2011 tot die land se Perd van die Jaar bekroon. Individuele telers het sedertdien nog perde ingevoer.

Die afgelope vyf jaar is nie minder nie as sewe hingste en agt merries uit onderskeidelik Frankryk en Amerika ingevoer.

**KORTOM**

- Die belangstelling in die Percheron het aan die begin van die nuwe millennium 'n oplewing getoon.
- Die hartland van die ras het van Elsenburg tot anderkant die Vaal- en Oranjerivier geskuif.
- Teelmateriaal is uit Frankryk en Amerika ingevoer.

Benewens Sympa was die ander hingste uit Frankryk Tennessy Cauvelliere en Vulkin Chateauguillon deur Henning, Unico de la From deur mnr. Klaas van Wyk van die Mafurastoetery by Bothaville en Vaillant du Challus deur mnr. Jan Engelbrecht van die Nicolandreas-stoetery by Pretoria. Windermere's Whicker en Lane's End Prospector is deur mnr. Hannes van der Walt van Sterkfontein uit Amerika ingevoer.

Ook in Elsenburg se teelprogram word nou van dié ingevoerde materiaal van individuele telers gebruik. Drie merries in hierdie stal is juis nou dragtig van Tennessy Cauvelliere.

## GENETIESE VOORUITGANG

Met die invoer van 'n verskeidenheid bloedlyne uit Europa en Amerika is inteling nie meer 'n faktor nie. In hierdie tye word genetiese vooruitgang immers absoluut vooropgestel.

Belangstelling in die ras het inderdaad in die jongste jare só vinnig momentum gekry dat Percheron-skoue soos van ouds 'n instelling begin word. Daar is vanjaar op Kyalami in Gauteng vir die eerste keer sedert 1971 weer 'n nasionale kampioenskap vir die ras gehou. Byna 30 topperde het meegeding.

Waar die Percheron eers hoofsaaklik as 'n werk- en trekperd aangewend is, word dit nou al hoe meer 'n plesier- en sportperd en dit word nuttig in die toerismebedryf gebruik. Perde van die ras is ook gewild in die dryfkunssport. Om só 'n swaar perd nou selfs te laat passies uithaal in die dressuurarena is nie meer ongewoon nie.

Die afgelope aantal jare word ook al hoe meer reklame vir die ras gemaak en selfs opkomende boere word gewerf. Mnr. Namo Mwamuka van Pretoria het pas die eerste aktiewe swart lid van die genootskap geword. Vanweë sy toenemende gewildheid en met die toenemende klem op sy veelsydigheid word 'n deelsgeteelde Percheron nou as 'n Percheron-sportperd deur die genootskap aangeteken



Me. Louise Kotzé (drywer) en mnr. John Mwamuka (agterryer) wys hoe die Percheron-trekperd tradisioneel vertoon word. Die hings is Sympa de Bellevue van die Summerwind-stoetery op die plaas Klipkop by Tygerpoort, oos van Pretoria.

Met die 75ste bestaansjaar van die Percheron-telersgenootskap van SA wat vanjaar gevier word, word met genoegdoening teruggekyk na sy rol as rigtinggewende vlagskip wat die bedryf deur tye van voorspoed en krisisse moes stuur.

Toe dit enkele jare gelede nog deur sy moeilikste vaarwaters gegaan het, was dit juis deur bemiddeling van hierdie organisasie dat die huidige era van die hernieude gewildheid van die ras betree kon word.

**Die administrasie van die telersgenootskap is opgeskerp en die ledetal wissel nou rondom 'n aanvaarbare dertigtal.**

Die genootskap is op 26 Mei 1939 gestig en het met 'n ledetal van 23 begin. Mnr. J.H. Bosch was die eerste voorsitter. Toe dit op 23 Augustus by die SA Stamboek geaffilieer is, was daar reeds 50 lede.

Dit het onder meer die landboukolleges Grootfontein, Glen en Elsenburg ingesluit. Oor ongeveer die eerste drie dekades het onderskeidelik mnr. F.J. van Zyl, B. Kasselman, W. Naudé en D. Potgieter as daaropvolgende voorsitters gedien.

Vir baie jare (tot in 1982) het die legendariese mnr. Piet Naudé van Overhex, buite Worcester, hierdie posisie met groot onderskeiding beklee. Mnr. Frans (Oom Badie) Badenhorst van Venterstad het Naudé opgevolg en hy het die septer as voorsitter 22 jaar lank (tot in 2005) geswaai. Hierdie was uiters moeilike tye, onthou me. Lettie Kruger, wat vanaf 1963 tot vroeg in hierdie eeu sekretariële dienste vir die genootskap gelewer het. By geleentheid het net vier lede by die jaarvergadering opgedaag, vertel sy.

## NUWE VOORUITSIGTE

Nuwe vooruitsigte het egter gewink. Toe mnre. Gerrie van Zyl en Johan van der Merwe agtereenvolgens die leisels van die genootskap oorgeneem het, is drastiese stappe gedoen om die bedryf weer op koers te kry. Daar is veral geprobeer om die teel van diere van die ras, wat oor jare al hoe kleiner geword het, weer na normaal te laat terugkeer. Ook het groter bemarkingsaksies gevolg en mikroskyfies het brandmerk vir die identifisering van perde vervang.

Sedert mnr. Jan Engelbrecht van Pretoria drie jaar gelede tot voorsitter verkies is, is die administrasie van die genootskap opgeskerp en die hersiening van die grondwet is verlede jaar voltooi. Die ledetal wissel nou ook weer rondom 'n aanvaarbare dertigtal. Mnr. Johan Henning, ook van Pretoria, is die huidige sekretaris van die genootskap.

*Hennie Basson is 'n vryskutjoernalis.* **LBW**